Stellumthombo se Akademiese hulp

Soos almal in die gemeente moet Stellumthombo gedurende die grendel-tydperk nuut dink oor hoe ons as deel van die Rivier van Lewende Water die Stellenbosch gemeenskap dien. Een leemte wat ons geïdentifiseer het is dat die kinders met wie ons werk nie toegang het tot akademiese hulpmiddels of ondersteuning nie. Die meeste van die kinders het geen toegang tot internet nie en kan nie die werk aflaai wat deur hulle skole uitgestuur word nie. Indien hierdie leemte nie aangespreek word nie gaan hulle met 'n reuse agterstand terug gaan skool toe. Stellumthombo wil akademiese hulp-pakkies saamstel wat, deur die regte/veilige kanale, by die kinders afgelaai sal word.

Ons wil graag 'n versoek rig aan enige onderwysers (GrR-7) wat alreeds moes werk saamstel vir hulle leerders, om asseblief die materiaal met ons te deel. Ons wil graag vir elke kind 'n akademiese hulp pakkie gee wat die basiese goed in het waarmee hulle die aktiwiteite kan doen.

Elke pakkie gaan die volgende bevat:

- +-30 Bladsye
- 1x potlood
- 3xgekleurde potlode
- 1x Covid-19 Boekie (Boekie wat op eenvoudige manier die regte inligting gee oor die virus)
- 1x Inligting blaadjie oor Noodsaaklike hulp dienste(Wie om te bel indien jy enige probleme het gedurende die tyd)
- 1x Plastieksakkie

Ons gaan ook VKO (vroeë kinder ontwikkeling) pakkies saamstel wat die volgende items gaan bevat:

- Klei
- Pompoms
- Aktiwiteite
- 1x Covid-19 Boekie

Indien daar iemand is wat kan of kan hel help kan julle ons gerus kontak:

084 547 1143 of info@stellumthombo.co.za